

ST. APOLLONIUS DIE APOLOGEET

18 APRIL

(sterf c.186)

Hierdie vroeë Christelike martelaar se geskrif, die Apologia, oftewel *'verdediging van die geloof'*, word beskou as een van die kosbaarste dokumente wat uit die tyd van die Vroeë Kerk behoue gebly het. Hy was 'n Romeinse senator en dus 'n prominente en opgevoede lid van die destydse samelewing. Hy word deur een van sy slawe as Christen by die owerhede verkla. Dit het 'n sensasionele aangeleentheid in Rome geword en Apollonius is deur die stadsprefek in hegtenis laat neem. Hy is gevra om sy geloof af te sweer en toe hy weier is die saak na die Romeinse senaat verwys. Voor die senaat moes hy sy geloof verdedig en verduidelik en dit doen hy dan ook met vaste oortuiging en groot welsprekendheid. Nogtans is hy as 'n gevaar vir die staat beskou en ter dood veroordeel. Sy dood het skokgolwe deur die akademiese en intellektuele kringe van die Romeinse wêreld gestuur, wat maar net nie kon verstaan hoe iemand met Apollonius se intellek en geleerdheid 'n obskure timmerman uit 'n agterlike streek van die Romeinse ryk as sy God en Meester kon bely en selfs bereid was om vir dié geloof te sterf nie.